

# Pakplek uit die boonste rakke

In 'n badkamer is daar altyd te min pakplek.

Maak dié maklike linnerak en hang dit agter die deur of langs die wasbak. Deur Retha Krieg

## Benodigdhede

Twee houtvierkante van 30 cm x 30 cm en ongeveer 3 mm dik

Drie houtplankies van 30 cm x 4 cm en 3 mm dik

Ongeveer 1,3 m ongebleikte linne van 150 cm breed

Bypassende gare

Twee ronde hakies (dieselfde wat gebruik word vir gordynwegbinders)

Naald en skêr

## Aanwysings

1. Krimp die ongebleikte linne vooraf en stryk glad.

2. Knip 'n reghoek van 92 cm x 84 cm (tel 1 cm-naattoelating rondom by) uit die linne.

3. Knip ook vier vierkante van 30 cm x 30 cm (tel 1 cm-naattoelating rondom by) en drie blokke van 30 cm x 35 cm (plus 1 cm-naattoelating rondom).

4. Deel die groot reghoek oor die breedte in drie dele waarvan die twee buitenste dele 31 cm breed en die middelste deel 30 cm is, en deel die reghoek in die lengte in 21 cm-tussenruimtes (dit sal vier dele uitmaak).

5. Neem twee van die 30 cm x 30 cm-blokke en plaas die regte kante teen mekaar. Stik drie van die sye 'n voetjebreëdte (5 mm) van die rand af toe. Keer die materiaal terug, druk die hoeke netjies uit en pars plat. Herhaal die proses met die ander twee vierkante.

6. Plaas die dun houtvierkant tussen die twee lae en vou die oop kante na binne.

7. Lê die blokke van 35 cm neer en vou 'n 1 cm-soom en weer 'n 4 cm-soom aan voorkant van blok, en stik vas oor die breedte (los die kante oop), ryg die smal houtplankies in en stik die kante met rygsteek toe. Herhaal met die res van die reghoeke. Werk al die rafelrande af.

8. Werk die groot blok se sykante af met 'n

dubbele soom van 1 cm.

9. Neem die reghoeke met die houtplankies daarin, plaas dit voor jou en steek die teenoorstaande rand verste van jou op groot blok se middelste deel van 30 cm op die eerste merklyn vas.

**Maak so:** Lê elke blok op 'n tussenruimte in die middelste blok neer met die rafelkant na onder en die houtplankie na bo, stik vas en pars. Speld die syrande van die kleiner blokkies op die lyne van die groot blok se sykante vas sodat die rafelrand na onder wys. Vou die onderste materiaal op sodat dit 'n buisie om die rafelrand maak en stik vas met 'n 1 cm-soom (maak seker dat die hoeke netjies is).

10. Herhaal met die res van die blokke - dit maak die rakke uit.

11. Plaas die bokant in posisie en speld die materiaal vas sodat die rafels na onder wys en stik 'n voetjebreëdte van die rand af vas. (Moenie oor die hout stik nie). Herhaal met die onderkant.

12. Werk die hakies agter aan die bokant vas.

**Wenk:** Dieselfde rakkie kan in jou kas vir klere gebruik word of 'n kleiner weergawe kan as bêreplek vir jou skoene gemaak word.

**Onthou om in te skryf vir ons hekelwedstryd. Vir meer inligting oor die wedstryd, bel Retha Krieg (011) 889-0953.**

**DMC borduur- en tapisseriepakette is nou by takke landwyd beskikbaar. Die patrone is beskikbaar in pakette waar die patroon klaar op die borduurgaas in kleur gedruk is, met borduur- of tapisseriedraad ingesluit wat tellery uit-skakel. Vir meer inligting skakel DMC tolvry by 0800 210401.**



